


Acacia mellifera (subsp. detinens)

E: Blackthorn, hook
A: Swarthaak

D: Hakendornakazie, "Hackies"
H: Omusaona



Acacia m. in volle blom und



Acacia m. rooi blomknoppe

Acacia mellifera: akasia wat heuning dra/ bloeisels bevat baie nektar; eintlik moes sy naam heuninghaakbos gewees het, ons ken hom as SWARTHAAK.



Lentegevoelens tussen by en bl

Die lente is daar, as die swarthaak beginne blom. Met sy soet geur lok dit die bye en insekte uit hulle skuilplekke, vir menigte groter diere is die blomme die eerste vars kos na die droe winterkos.

In die natuur asook by baie van ons inheemse bevolkingsgroepe is dit 'n hoogs gewaardeerde boom/struik met BAIE bates:



ruspes vreet talle bome heeltemal kaal

* Dit verskaf skaduwee, woon- en skuilplek; die Kaapse Kapokvoël bv. bou sy nes graag in die middel van die swarthaak se kroon.

* Groot diere staan graag in die middagson onder hierdie boom in die koelte, gejaagde en/of skelm diere skuil dikwels in die ondeurdringbare swarthaakruigtes.

* Swarthaak verskaf hout vir pale, brandhout, takke vir takkrale,

* dit verskaf voeding (blomme, blare, peule, jong takke) aan wild, vee, voëltjies, bye en talle ander insekte, ruspes bv. vreet bome HEELTEMAL KAAL!

* Die plantparasiet *Tapinanthus oleifolius* (Plantstories No 12) FLOREER op hom, groei hom sommer dood; die grondorgidee *Eulophia speciosa* (Plantstories No 11) groei baie graag in sy skaduwee.

* Mens en dier is lief vir sy gom (dis lekker as dit vars is, maar kom NIE NABY aan *Acacia erobescens* s'n nie), gompoue eet dit graag. In hierdie jaar is die gomvorming BAIE BESONDERS, dit lyk soos wurms wat uit die takpeul. Eintlik ken ek dit net in bol- of stalaktietvorm.



- * Die plantsap vorm die voggedeelte van baie Boesmans se pylgif
- * Wortelbas gekou of in melk/water gekook by dikmelk gevoeg gee die suur "vonkel" smaak (prik op die tong)

Medisinale gebruike:

Tee van tak- en wortelbas teen hoes en/of keelseer
 Gedroogde verpoeierde wortelbas werk bloedstollend.
 Blaarpoeier verlig brandwonde en as tee gedrink maagaandoenings.
 Takke van dorings gestroop en gekou maak tande skoon (maar eintlik word takke van *Diospyros lycioides* (jakkalsbessie) bo *Acacia m.* verkies).

Ons boere is nie so lief vir hierdie plant nie; dis 'n indringer, bosverdigter, dit "steel" vog van die grasse en verswak sodoende die weiding, verminder sy drakrag.
 Wat maak ons? WEG DAARMEE! Ons brand, haal uit, gooi gif. (Ek het nog nie van 'n suksesvolle biologiese ontbossingsvorm gehoor/lees nie). En WAT GEBEUR?... Ons maak plek vir iets anders om daar te groei; ons wil hê dit moet gras wees, dikwels is dit dan maar net 'n ander indringer soos *Tarchonanthus camphoratus* (Vaal-/kanferbos Plantstorie No 23)
 Ons put egter ook goeie nut uit die swarthaakverwydering: kole brand en verkoop, brandhoutverkope, werkverskaffing, bron van energie (kole); ek dink die moontlikhede van benutting is nog nie vol uitgeput nie.



houtkoolproduksie opsie van bosbeheer



Persoonlik hou ek nogal van hierdie boom; dis 'n plant vol streke en moedswilligheid: dit hou my vas, dit klou aan my klere, dit haal my hoed af, dit maak my seer, dit maak my kwaad. Maar dit laat my ook lag (dikwels oor myself), oor die gomwurms, oor die rooi fratsblaar, oor die "vliegje" op die tak. Dit helder my gemoed op in sy blomtyd, dit LYK pragtig, kyk na die buitengewone PIENK bloeisels! Dit RUIK lekker. Dit het selfs bekende Namibiese kunstenaars geïnspireer om dit te skilder.....Jy kan amper sê, 'n plant met karaktereenskappe en met 'n siel .

Inligtingsbronne:

Guide to the Trees and Shrubs of Namibia (Le Roux & Mueller, Coleen Mannheimer, Barbara Curtis)
 Gembokbean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
 Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E. von Koenen)
 Hildegard Becker (Dankel!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Fotos pienk swarthaak: Bertie van Dorssen (Danke!)

Update September 2017